

235 Kom alle skepsels van ons Heer

W.H. Draper (1855–1933), gebaseer op die
Cantica delle Creature van St. Francis van Assisi (1182–1226)
vertaal deur Bonaventure Himwood, OFM

Keulen (1623)

1. Kom al - le skep - sels van ons Heer, ver - hef jul stem en Hom ver -
eer: Hal - le - lu - ja, hal - le - lu - ja! Jy, son wat brand met gou - e
lig, jy, sil - wer maan wat sag ver - lig, o loof Hom, o loof

Hom, hal - le - lu - ja, hal - le - lu - ja, hal - le - lu - ja!

8.8.4.8.8.4. en Halleluja's

Laast uns er freuen

Jy, wind wat skerp waai soos 'n byl,
jul, wolke wat die lug beseil,
kom en loof Hom, halleluja!
Jy, daglig wat oor pieke loer,
jy, aandrooi teen die wolkevloer,
kom en loof Hom, kom en loof Hom,
halleluja, halleluja, halleluja!

Jul, waters wat die rots verweer,
maak bly musiek vir God, die Heer,
halleluja, halleluja!

Jy, vuur so sterk en dansend rein,
wat warmte gee en helder skyn,
kom en loof Hom, kom en loof Hom,
halleluja, halleluja, halleluja!

En alle mense sag van hart,
wat dié vertroos wat kwyn van smart,
kom en loof Hom, halleluja!

Jul, wat lankmoedig pyn verduur,
jul, vol geloof in sterwensuur,
kom en loof Hom, kom en loof Hom,
halleluja, halleluja, halleluja!

St. Franciskus van Assisi (1182-1226)

Keulen (1623)